'n Guinness-wêreldrekordpoging om die grootse pizza-oond in die wêreld te bou, sal verligting bring vir klein Hakim Swartz (4), 'n seuntjie van Bellville wat aan serebrale gestremdheid lei nadat hy amper in 2018 verdrink het.

Dis te dankie aan die inisiatief van Burger van den Berg van Bellville, wat 'n voorliefde het vir "groot goed".

Op sy plaas Plaasmol in Hopefield spog hy alreeds met 'n versameling wat jou asem sal wegslaan: die grootste stoel in Afrika, die oorspronklike Ratanga Junction-vliegtuig ('n DC3, wat in Normandië gevlieg het) en 'n windturbine-lem.

"Dit is eintlik my stokperdjie, maar ek wou van die geleentheid gebruik maak om weerbare mense in dié sombere tyd te help," sê hy.

Bouwerk aan die reusepizza-oond is onlangs voltooi.

Burger het die dimensies verskaf en Italoven in Brackenfell het dit gebou.

Sowat 100 Kapenaars het reeds 'n bydrae gemaak om 'n baksteen te borg, wat gebruik is in die bou van die oond.

Altesame 4 288 bakstene is gebruik en die oond het 'n binnemaat-deursnee van 3,4 m – die grootste in die wêreld, volgens Burger.

Die fondsinsamelingsprojek sal tot in September voortduur.

In ruil vir die borgskap sal elke donateur se naam op 'n metaal baksteentjie verskyn, wat langs die oond aangebring sal word om sy deelname te verewig.

"Die rekord is nog nie amptelik deur Guinness aangeteken nie as gevolg van die wêreldwye inperkings. Ons hoop om dit spoedig gedoen te kry," sê hy.

Al die donasies van die baksteenverkope is ten bate van liefdadigheid.